UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

FACULTY	**EDUCATION AND HUMAN SCIENCES**		
SCHOOL	**EDUCATION**		
DEPARTMENT	**EARLY CHILDHOOD EDUCATION AND CARE**		
SUBJECT CODE	**LAP 3522 Afrikaans Language Education 1**		
DATE	**NOVEMBER 2025**		
DURATION	**2 Hours**	**MARKS**	**75**

FIRST OPPORTUNITY EXAMINATION

Examiner: Ms. E. Potgieter (University of Namibia)
Moderator: Ms. I. Heyman- Van Wyk (University of Namibia)

This paper consists of **6 pages** including this cover page.

Instructions

1. **You must answer all the questions.**
2. **Number your questions correctly.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Always adhere to examination rules.**

VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae deur die mees korrekte opsie te kies.

1.1. Die verkleinwoord van doring is...

a. doringtjie
b. dorinkie
c. doringetjie
d. doringjie

1.2 Die verkleinwoord van boom is...

a. boometjie
b. boomtjie
c. boompie
d. bometjie

1.3 Die onderstreepte klank in die woord hieronder is 'n ...
Ai, die baba sit op haar eie!

a. vokaal
b. diftong
c. klinker
d. konsonante

1.4 Die onderstreepte klank in die woord hieronder is 'n ...
d**ie**

a. vokaal
b. diftong
c. klinker
d. konsonante

1.5 Watter woord is verkeerd afgekap?

a. kon-den-s-melk
b. jam-mer
c. na-week
d. ge-vaar-lik

1.6 Dui die lettergreep aan wat die klem dra.

a. biologie
b. biologie
c. biologie
d. biologie

1.7 Woorde wat in morfeme verdeel kan word, is

a. basisvorme
b. komplekse
c. simplekse
d. samestellings

1.8 'n Affiks wat 'n werkwoord vorm, is 'n ...
a. adjektiveerder
b. substantiveerder
c. verbaliseerder
d. voorvoegsel

1.9 In ***beman*** vorm die premorfeem **be-** die
a. werkwoord
b. samestellende afleiding
c. selfstandige naamwoord
d. byvoeglike naamwoord

1.10 In *vertroue* vorm die postmorfeem **-e** ....
a. 'n selfstandige naamwoord
b. 'n emosie
c. 'n werkwoord
d. 'n byvoeglike naamwoord

[10]

Vraag 2
Dui aan of die volgende stellings Waar of ONWAAR is:

2.1 Diakritiese tekens verwys na leestekens.
2.2 Volgens die Nativistiese teorie word alle mense met 'n stel taalreëls in hul koppe gebore.
2.3 Bywoorde vertel ons meer van die selfstandige naamwoord.
2.4 Taal is oneindig.
2.5 Onderwysers moet klanke ontrond.
2.6 Op 8 maande kan intonasie patrone gehoor word.
2.7 Tydsvorme word met behulp van hulpwerkwoorde gevorm.
2.8 Fonologiese bewustheid is klankleer.
2.9 Die lesdoelwit word hopelik aan die einde van die termyn bereik.
2.10 *Haat* is 'n voorbeeld van 'n abstrakte selfstandige naamwoord.

[10]

VRAAG 3
Pas elke beskrywing by die toepaslike term.

Term	Beskrywing	Antwoord bv. F
3.1 Oorronding	A. lettergrepe	
3.2 Ontronding	B. is kreatief	
3.3 Ortografie	C. verwys na die vaardigheid om woorde in 'n spesifieke taal uit te spreek.	
3.4 Vokale	D. Gr. 0-3	
3.5 Fonetiek	E. help met betekenisvorming.	
3.6 Diftonge	F. **muisie** uitgespreek as **meisie**	
3.7 Menslike Taal	G. Gr 1-3	
3.8 JP-Fase	H. skryfwyse en spelling van 'n taal	
3.9. Artikulasie	I. word gevorm deur die gebruik van beide lippe	
3.10 Prentleidrade	J. word gevorm sonder afsluiting en vernouing in die spraakkanaal	
	K. bestudering van spraakklanke	
	L. **meisie** uitgespreek as **muisie**	
	M. Twee klanke wat in 'n klankgreep uitgespreek word.	
	O. PP – Gr. 3	

[10]

Vraag 4

Definieer die volgende termes duidelik in jou eie woorde:

4.1 Taal

4.2 Geletterdheid

4.3 Morfologie

4.4 Stam

4.5 Fleksiemorfeem **[10]**

Vraag 5

5.1 Skryf die volgende sin in jou eksamenboek/ antwoordboek oor. Gebruik 'n HB potlood en die korrekte Junior Primêre handskrif wanneer jy skryf. Aandag moet gegee word aan korrekte lettervorming, leestekens en spasiëring. (4)

Josefina ry fiets en haar broertjie samuel pluk bessies

5.2 Verduidelik kortliks die verskill tussen *sluitklanke, skuurklanke* en *trillers*. (6)

[10]

Vraag 6

6.1 Watter kriteria sal jy aanbeveel moet die onderwyser/es in gedagte hou wanneer die taalles uitgewerk word? Noem 8. (8)

6.2 Identifiseer die woordsoorte wat in die volgende teks geonderstreep is: (10)

Dit is vroeg in **die** oggend. Die **mense** in die **klein** dorpie **Shauko – Shau** is besig om wakker te word. Nangula gaan haal **hout om** vuur mee te maak. Nuusiku

maak die emmer vol water by die nuwe kraan **en** Megameno maak pap in die ysterpot. Iipinge **melk** die koei.

Nadat hulle oggendtake afgehandel is, maak die kinders gereed om skool toe te gaan. **Hulle** pak mahagukoekies in om **gedurende** pouse by die skool te eet.

6.3 Skryf die verkleinwoorde vir die volgende woorde:

6.3.1 arm

6.3.2 seun

6.3.3 motor

6.3.4 venster

6.3.5 tor

6.3.6 foon

6.3.7 slang (7)

[25]

Totaal: [75]